



Ons ervaring van Covid-19 in Kanada

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Hier sit ons paar Suid-Afrikaners in die noorde van Kanada, in die klein dorp Lac La Biche met sy ongeveer 10 000 inwoners. In die winter is dit hier maklik tot minus 40/45 °C en in die somer plus 30 °C.

Soos dit algemeen hier in die land is, word die dorpie ook deur die owerheid ondersteun met alle geriewe, soos 'n hospitaal, kliniek, polisiestasie en selfs 'n ambulansvliegtuig. Ons is baie gelukkig om omtrent 13 Suid-Afrikaanse dokters hier te hê.

Die uitvoerende gesag is meestal gesetel by die kantoor van die burgemeester. Die burgemeester speel in alle gevalle 'n belangrike rol. Hy het die reg om plaaslike regulasies af te kondig en in te stel, wat dan wettig is.

Op 5 Maart 2020 het ons kennis geneem van die vreemde griep wat mense afmaai. Vir ons was dit in die verte en nie naby ons nie. Toe die owerheid die restaurante, eetplekke en skole sluit, het ons begin bang word. Skielik het ons nie meer kerk gehad nie en ons wat gereeld Nagmaal gebruik, het afgesluit gevoel; om elke dag saam met vriende koffie te drink, is summier gestaak. Politiek en geloof word baie min tydens dié kuiers gepraat – dit is taboe. Soms was ons tot 14 vriende bymekaar vir so 'n uur of wat. Nou was alles skielik nie meer toelaatbaar nie.

Ons dorpie was skoon! Die mense het geleidelik almal maskers begin gedra en nou was daar genoeg parkeerplek by enige winkel. Die strate het stil geword. Kuier was uit. Ons het almal in afsondering by die huis gebly. Van die mense het nie meer werk gehad nie en dit was moeilik, maar die owerheid het vir hulle gesorg.

Waar ons elke oggend en selfs na kerk op Sondag bymekaar was, is daar toe skielik 'n stilte. Hierdie stilte was soos afwagting op wie eerste daardie “doodsvonnis” gaan kry. Gelukkig het ons kerk, die Lutherse Kerk, onmiddellik die tegnologie gebruik, en ons is derhalwe weer so bymekaar gebring. Toe die eerste gevalle hier aangemeld is, het ons soos bang mense begin leef: Bly net by die huis!

Nou is dit maskers, hande was en afstand hou. Hierdie mense is baie wetsgehoorsaam en die virus het die dorpie baie laat bereik. Die grootste getal aangetastes was omtrent 95 mense, waarvan seker nie meer as tien gesterf het nie.

Kuier was daar geheel en al nie meer nie. Mense het dit heeltemal gestaak en by die reëls gehou. Die afsondering het elkeen op sy eie manier geraak. Kinders en kleinkinders het by die deur gestaan en kuier. Hulle kom glad nie in die huis in nie.

Maar God het vir elkeen 'n uitkoms. Hier kom my skoonseun van Nylstroom, Piet Schoeman, en hy stuur vir ons boodskappies van ds Willem Sauer en dr Barry van Wyk! Watter uitkoms! Nou hoop en bid ons dat hierdie boodskappies sal voortgaan al is Covid-19 weg en vergete. Ons is nou permanent lede van Gemeente Waterberg, al woon ons duisende kilometers weg.

Ons weet, met die hulp van God, sal Covid-19 oorwin word.

**Nico en Nellie Joubert
Kanada**

Lief en leed



Lidia Janri Schimper

- **Ds Quinten Schimper en sy vrou, Belinda**, van Krugersdorp/Krugersdorp-Wes het Maandag 8 Maart 'n babadogtertjie ryker geword. **Lidia Janri Schimper** was 3,68 kg met geboorte. Ds Schimper sê: *Sy is baie rustig en het reeds diep in ons harte ingekruip. Ons is dankbaar vir die Here se genade – Hy hoor ons harte wanneer ons woorde opraak.*
- **Universiteit van Pretoria is 'n voorloper volgens wêreldranglys.** Op die nuutste QS (*Quacquarelli Symonds*) wêreldranglys van vakgebiede wat onlangs verskyn het, is UP die plaaslike voorloper in die vakgebiede Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese; Wiskunde; Rekeningkunde en Finansies; **en Teologie en Religiestudies**. Die QS-vakgebiedranglys word bepaal deur nagenoeg 14 miljoen publikasies en die wyse waarop na die publikasies verwys word, na te gaan. Dit dra by tot 'n sogenaamde H-indeks wat die impak van die navorsing/publikasies meet. Hierdie erkenning bevestig die belangrike rol van religie in Afrika, sowel as die waarde daarvan om religie en teologie aan 'n universiteit te doseer. Dit is 'n erkenning en bevestiging van die rol van die Fakulteit Teologie en Religie binne die Universiteit en die kwaliteit van die onderrig wat aangebied word.

Lees die volledige nuusberig by:

https://www.up.ac.za/news/post_2957476-university-of-pretoria-domestic-leader-in-four-subjects-in-2021-qs-world-university-rankings-

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 Maart 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Vrydag 12 Maart: Ds JJ (Jaco) Dreyer (61) (Bloemfontein)
 - Saterdag 13 Maart: Di RJ (Rudi) Rust (62) (Vanderbijlpark-Oos) en LK (Lilian) Erasmus (31) (Wonderboom)
 - Dinsdag 16 Maart: Ds AC (Arie) Kuyper (67) (emeritus) en GS (Gerrie) Botha (62) (emeritus/Viljoenskroon)
 - Woensdag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk sr (81) (emeritus)
 - Donderdag 18 Maart: Di PS (Piet) van Staden (95) (emeritus), RTI (Robby) Pienaar (65) (Ogies), P de K (Pieter) Furstenberg (46) (Richardsbaai) en G (Gerrit-Daan) van der Merwe (36) (Strand)

Gemeentes en bediening

- **Prop Y (Yolande) Kruger** (NG proponent) het 'n beroep ontvang na Pretoria-Oos (deeltyds).
- **Ds BM (Buddie) Dupper** (emeritus/Pongola) het 'n beroep ontvang na Pongola (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar.
- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by george.marais@fineandcountry.com. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.



Ds Buddie Dupper

Beplande vergaderings

- Donderdag 11 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 12 Maart: Kommissie van die AKV
- Maandag 15 Maart: TOIBO Uitvoerende Komitee
- Dinsdag 16 Maart: TOIBO Uitvoerende Komitee
- Woensdag 17 Maart: Opening van die HTK
- Donderdag 18 Maart: Redaksie van *Die Hervormer*

Kerklike publikasies

- 2020 was die Jaar van die Bybel. Dit was ook die jaar waarin die Bybelgenootskap reeds vir 200 jaar in Suid-Afrika bestaan het. *Die Hervormer* het aangesluit by die jaartema, *Die Bybel bring hoop vir almal*, met 'n **Bybelse tydlyn** wat in die April 2020-, Mei 2020- en Junie 2020-uitgawe gepubliseer is. Daarmee het ons bygedra tot lidmate se kennis van die Bybel. Die tekste is saamgestel deur **ds Marius Venter** (emeritus) en die uitleg is gedoen deur **mnr Hugo van Niekerk**. Die plan was om A2-glansplakkate van die drie tydlyne te laat druk en vir gemeentes beskikbaar te stel, maar weens kosteoorwegings en te min bestellings is besluit om die drie kunswerke op die Kerk se webblad te plaas sodat gemeentes en lidmate die plakkate self plaaslik kan laat druk. Daar is twee weergawes: 'n 42 MB-weergawe **hier** vir hoëkwaliteitsdrukwerk, en 'n 6,2 MB-weergawe **hier** vir algemene gebruik.

'n Bybelse tydlyn
Brei jou Bybelkennis uit
Ideaal vir kategeese

3 x A2-glansplakkate
Soos in *Die Hervormer* van
April, Mei en Junie 2020

Kry die kunswerke op die NHKA
se webblad en laat druk plaaslik

Klik **hier** vir 42 MB-weergawe (hoëkwaliteitsdruk)
Klik **hier** vir 6,2 MB-weergawe (algemene gebruik)



Bybelse Dagboek / Almanak 2021



Kry belangrike inligting
oor die Hervormde Kerk
en 'n inspirerende Bybelse
dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

- 'n Nuwe, interessante, gratis publikasie deur **dr Gafie van Wyk** van Gemeente Kaapstad het pas verskyn. Die titel daarvan is *Nadenkende opmerkings aan die hand van foto's: 'n Visuele reis deur fragmentariese denkbeelde*. Hierdie boekie bestaan uit 'n reeks kunsfoto's van diere. Die foto's word belig deur die fabels van Esopus. Daar is ook 'n hele reeks foto's van plekke in Oostenryk en die suide van Duitsland. Liefhebbers van wilde diere, kunsfotografie, Europese argitektuur en godsdienstige kuns asook kritiese denke, sal vreugde vind in hierdie publikasie. Gaan na die volgende skakel om die publikasie gratis as pdf af te laai: <https://drive.google.com/file/d/1yTXM1JOyeyBch01rIO8UMcl3-yu0SzX/view?usp=sharing>



Studentesake

- **Studentebehuising by Gemeente Philadelphia.** Veilige behuising is beskikbaar vir studente in 2021 op die terrein van die gemeente in Pretoria. Dit is 200 m van die UP-kampus en binne stapafstand van winkels en ander besighede. Kamers met gemeenskaplike ablusie en kombuis sowel as enkelwoonstelle is beskikbaar. Kontak Elize Fourie by nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.

'n Gedig

Niks meer nie

Kom bly by my, al trek my oë deesdae water.
Hou my sonbevleete hande vas –
net dit, niks meer nie.
Kom bly by my al sit ons net en peusel
aan dit wat was. Niks meer nie.
Al is my kraag deesdae hoog geknoop,
jou hande onbeholpe en skaam,
sit hier by my, net hier,
en lees 'n geliefde reël of twee.
Net dit, niks meer nie.
Wanneer ek soos 'n blaas lig word
en oor die tuin wegwaai, pluk soos altyd
dan 'n pot vol krismisrose, pienk en blou,
vir die voorportaal, oranjegeel
kappertjies vir geur.
Vir dit wat was. Niks meer nie.

Eunice Basson

(Uit: *By die dag*, 2020)

Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- to 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Barmhartigheid

- **VAKATURE: Sekretaresse** by Rata Maatskaplike Dienste. Rata, wat al vir meer as 70 jaar maatskaplike dienste in vier provinsies lewer, benodig tans die dienste van 'n administratiewe persoon by hul Capital Park-kantoor. Die vereistes vir die pos is graad 12, 'n geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na die kantoor, tweetaligheid om aan die spesifieke behoeftes van die kantoor te voldoen, rekenaarvaardigheid en ervaring van boekhou en kleinkasbestuur, en die vermoë om streng vertroulikheid te handhaaf. Stuur aansoeke na info@rata.org.za.
- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Toerusting

- Die jaarlikse **HTK-opeening** vind op **Woensdag 17 Maart** om 10:00 per Zoom plaas. Die program sien soos volg daar uit:

10:00: Opeening en verwelkoming (Dr André Ungerer)
10:20: Die Kerk: Wie is ons en waarmee is ons besig? (Dr Frikkie Labuschagne)
11:20: Mededelings oor die uitbou van die HTK (Dr André Ungerer)
11:45: Mededelings rakende die Kuratorium (Dr Rudy Denton)
12:00: Afsluiting

Zoomskakel: <https://us02web.zoom.us/j/4502811960?pwd=dWRGZHpYeIbRWFp1ajQrQVV4Z0cydz09>

Wagwoord: HTK

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Skepper-God,
U weet waartoe ek in staat is.
U weet van die eise wat daar aan my tyd
en energie gestel word.

Soms voel dit of ek tussen
my werk en die huis
en die familie en die gemeenskap
niks meer het om te gee nie.

Help my om met vreugde net dít te doen
wat ek kan.
Ek wil nie meer oorweldig word
omdat daar geen balans
in my lewe is nie.
Wys my wat ek moet laat staan.

Dalene Reyburn

(Uit: *Gebede vir 'n ma se hart*,
vertaal deur Madeleen Botha,
CUM 2018)

